

# WAT IS HEROÏEN?

Heroïen word uit rou opium vervaardig, en is 'n natuurlike stof wat in die Oosterse opiumpawers voorkom. Dit is 'n onderdrukke, dus is dit die teenoorgestelde van 'n stimulant soos asfetamien. Dit is 'n narkotiese pynstiller wat die brein en liggaam van pyn verdoof.

## VORM

Heroïen word in drie vorms verkoop:

**Brown:** Die algemeenste vorm, is eintlik 'n diamorfienbasis. Al is dit 'n bruin poeier, wissel die kleur van roomwit tot donker koffie-kleur. Hoë ligter die kleur hoë hoër is die heroïen-inhoud. Brown is 'n laergraadstof en die heroïen-inhoud wissel van 10 tot 60%. Die res is gemors wat die gegewe hoeveelheid heroïen meer volume gee. Dit word gerook, ingesnuif of ingespuut.

**Thai White:** Dit kom voor as grys korrels en hoewel dit kan gerook word, kan dit ook ingespuut word.

**Farmaseutiese Heroïen:** Dit is suiwer heroïen – spierwit poeier of tablette of as kapsules gevul met deursigtige vloeistof vir medisinale gebruik.

## DIE EFFEKTE

Die uitwerking van heroïen is byna groter as enige ander dwelm, met 'n kragtige gevoel wat met niks anders in die lewe vergelyk kan word nie. As dit ingespuut word, is die "hit" oombliklik.

- 'n gevoel van euforie en golwe van ongelooflike behaaglikheid. Alle pyn – óf geestelik óf liggamlik – verdwyn.

- 'n klein hoeveelheid maak mense spraaksaam, energiek, vurig en self-versekerd.
- 'n groter hoeveelheid laat die gebruiker in 'n verlore, innerlike wêreld, en hy/sy kan nie of wil nie met engeen kommunikeer nie.
- Die aanvanklike "rush" word gevolg deur 'n gemoedelike, ontspanne gevoel wat alles rooskleurig laat lyk.
- Die uitwerking van die heroïen begin na 1-2 uur afneem na gelang van toleransievlakke en hoe dikwels dit gebruik word. Binne 3-6 uur is dit heeltemal uitgewerk.



## DIE NAGEVOLGE

As die gebruiker nie gewoon is om dit te gebruik nie is daar 'n groot moontlikheid van oordosering, veral as dit ingespiut word. Die asemhaling raak uiters stadig en so vlak dat die liggaam nie genoeg suurstof kry nie. Bewusteloosheid volg, en in die afwesigheid van mediese hulp, hou die asemhaal op en gebruiker sterf.

- As eerstekeerverbruiker kan naarheid en vomering volg en jy kan aan jou vomeersel verstik as jy bewusteloos raak.

- As verslaafde raak heroïen nommer 1 in die lewe. Jy verloor gewig, is ondergevoed en lyk nog erger.
- Absesse, sere en oop wonde ontstaan met strawwe gebruik waar jy jou inspuut.
- Die gewoonte om heroïen te gebruik lei na misdaad, want jy sal van enigeen steel, selfs jou familie, net om die dwelm in die hande te kry.

## GEVARE

- Gebruikers ontwikkel gou toleransie vir heroïen en dit veroorsaak daar meer nodig is vir die oorspronklike euforiese "rush". Die stadium word bereik waar selfs groot dosisse bloot die pyn en smagting wegvat. Daar is geen euforie nie.
- As jy ophou om heroïen te gebruik, val die toleransievlakke vinnig. As jy weer begin, sal jou liggaam nie dieselfde hoeveelheid kan hanteer nie en jy kan oordoseer.
- As heroïen gerook word bly die toleransie op 'n gelyker vlak as wanneer dit ingespuut word.
- Heroïen is uiters verslawend en gebruikers kan liggamlik en sielkundige afhanklikheid van die dwelm ontwikkel.

### 'n Verslaafde...

- het heroïen nodig om net normal te voel.
- Se fisiese smagting raak so sterk dat hy/sy se lewe daarom draai om net die geld en dwelms vir die volgende dosis te kry.
- Se sielkundige smagting is net so sterk as die fisiese een. Jy is vrekbang om sonder heroïen te wees!

## GEBRUIKSMETODES

Om te rook, bekend as “chasing the Dragon” of “booting” is baie minder gevaarlik as om in te spuit. Heroïen word somtyds in ’n pyp of as ’n handgerolde sigaret gerook, of van onder op tinfoelie verhit.

Die gevaarlikste is om dit in te spuit. Dit moet eers vloeibaar gemaak word. Thai White en farmaseutiese heroïen word in water opgelos. Brown moet in suur opgelos word.

Om fyngedrukte tablette op te los is selfs erger. Onopgeloste korrels kan klein aartjies verstop en absesse en infeksie veroorsaak.

## COLD TURKEY

(Heroïen-onttrekking)

Heroïen-onttrekking is erg! Dié wat skielik ophou sal sielkundige en fisiese onttrekkingssimptome ervaar. En sommer gou-gou ook! Dit beteken:


- intense psigologiese smagting
- paniekaanvalle
- onvermoë om te slaap
- naarheid en diarree
- sweet intensief
- warm en koue gloede
- maagkrampe
- krampe in die spiere en gewrigte
- onvermoë om gemaklik te voel



Alcohol and Drug Concerns-Cape  
Non-Profit Organisation  
Registration No: 000-618  
16 Drogheda Road, Golflinks Estate,  
Wynberg, 7800  
Tel: 021 797 0583 Fax: 021 762 4235  
Email: [adccape@telkomsa.net](mailto:adccape@telkomsa.net)

Alcohol and Drug Concerns-Transvaal  
Non-Profit Organisation  
Registration No: 009-780  
5 Hammond Road, West Turffontein  
Johannesburg  
Tel: 011 433 2372 Fax: 011 433 2760  
Email: [charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za](mailto:charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za)

## DIE DUIWELDWELM HEROÏEN



**Uitgeruik as ’n hulpbron om ’n meer  
gesonde dwelmvrye lewe te geniet  
teenoor dit van ’n dwelmslaaf.**